**<u>Bybelstudie</u>**

Ons is tans besig om na die Messiaanse Psalms te kyk.

Die Messiaanse Psalms is as volg:

- Psalm 2; 8;16;22;23;24;40;41;45;68;69;72;89;102;110;118

Hierdie week fokus ons op Psalm 8.

<u>Psalm 8 kan as volg ingedeel word</u>:

- Vers 1-2
- Vers 3-4
- Vers 5-8
- Vers 9

<u>Begin deur al die werkwoorde te soek by elke afdeling:</u>

- Vers 1-2
  - 
  - 
  - 
- Vers 3-4
  - 
  - 
  - 
  - 
- Vers 5-8
  - 
  - 
  - 
  - 
  - 
- Vers 9

**<u>Agtergrond van die Psalm</u>**

Beskryf in so paar sinne waaroor die Psalm handel.

**<u>1. Waarnemings vrae (Wat sê die teks?)</u>**

<u>Verse 1–2</u>

- Hoe begin en eindig die Psalm?
- Watter Naam van God gebruik Dawid?
- Hoe word God se majesteit beskryf?
- Wat leer vers 2 oor kinders en suigelinge?

- Waarom gebruik God swak mense om Sy mag te wys?

<u>Verse 3–4</u>

- Na watter dele van die skepping kyk Dawid?
- Wat noem Dawid die maan en sterre?
- Wat sê hierdie verse oor God as Skepper?
- Hoe laat die skepping Dawid oor homself voel?

<u>Verse 5–8</u>

- Watter twee vrae vra Dawid oor die mens?
- Hoe beskryf Dawid die posisie van die mens?
- Waaroor het God die mens aangestel?
- Watter dinge word genoem wat onder die mens geplaas is?
- Wat beteken dit dat die mens “met eer en heerlikheid gekroon” is?

<u>Vers 9</u>

- Waarom herhaal Dawid die openingswoorde aan die einde?
- Wat is die hoofgedagte van die Psalm?

**<u>God se Grootheid</u>**

- Hoe openbaar die skepping die heerlikheid van God?
- Waarom behoort alle eer aan God alleen?
- Wat leer hierdie Psalm oor God se soewereiniteit?

**<u>Die mens</u>**

- Waarom is die mens klein in vergelyking met die skepping?
- Wat maak die mens tog besonders?
- Hoe wys hierdie Psalm dat die mens waarde het omdat hy deur God geskep is?
- Hoe is die mens anders as die diere?

**<u>Die Sondeval</u>**

- Regeer die mens vandag nog volmaak oor die skepping?
- Hoe het sonde die mens se heerskappy beskadig?
- Waarom het die mens ’n Verlosser nodig?

**<u>3. Christus in Psalm 8</u>**

- Hoe wys Psalm 8 vooruit na Christus?
- Waarom noem die Nuwe Testament hierdie Psalm in verband met Jesus?
- Hoe is Jesus die volmaakte Mens?
- Hoe herstel Christus wat Adam verloor het?
- Wat beteken dit dat alles uiteindelik aan Christus onderwerp sal wees?
- Lees gerus ook: Heb.2:5–9.

**<u>4. Toepassings vrae (Hoe pas ons dit toe?)</u>**

- Hoe behoort die skepping jou aanbidding te versterk?
- Wanneer laas het jy werklik stilgestaan by God se grootheid?
- Hoe help hierdie Psalm teen trots?
- Hoe gee hierdie Psalm waarde aan die menslike lewe?
- Waarom moet gelowiges nederig wees?
- Hoe behoort ons die skepping te behandel?
- Wat leer hierdie Psalm jou oor God se sorg vir jou?
- Hoe bring hierdie Psalm jou nader aan Christus?